Die Son

5 MAART 2010

Ou Apostels verhoor en fire werker in haar afwesigheid

MELVIN WHITEBOOI

DIE Ou Apostoliese Kerk (OAK) het Yulanda Adams, 'n werker, dié week in haar afwesigheid dissiplinêr verhoor en ge-fire.

Die verhoor was by die kerk se hoofkantoor in Durbanville. Die hekke van die gebou was gesluit om lidmate en die pers, veral *Son*, uit te hou.

'n Woordvoerder van die Forum, 'n liggaam wat gestig is om oningeligte lidmate op die hoogte van kerksake te hou, het agterna gesê Adams kon nie die verhoor bywoon nie omdat haar psigiater haar ongeskik verklaar het om dit by te woon.

Die dissiplinêre verhoor volg nadat Adams vir 'n onbepaalde tydperk geskors is.

Ondersoek

Dit nadat die apostolaat sonder haar toestemming in besit gekom het van verklarings wat sy en haar prokureur aan die polisie verskaf het oor beweerde ongerymdhede by die hoofkantoor.

Die polisie ondersoek tans die ongerymdhede.

Adams se psigiater het al 'n paar dae voor die verhoor vir opsiener Michiel Beck ingelig dat Adams ongeskik is om die verhoor by te woon en dat hy haar tot 31 Maart op siekteverlof gesit het.

Beck het haar geskors.

Die Forum-woordvoerder sê Adams het toe 'n brief van opsiener Hansie Fortuin gekry wat lees: "As sy met haar prokureur kan konsulteer en verklarings aan die polisie kan verskaf, kan sy net sowel die verhoor bywoon."

Die kerkbestuur weier om met *Son* te praat.

AFGEDANK: Yulanda Adams en haar man, Cedric, by 'n vorige verskyning by die CCMA. Foto: **MELVIN WHITEBOOI**